higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE SKAKELWESE N5

(5070035)

13 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

242Q1B2013

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE SKAKELWESE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Lees die persverklaring hier onder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

DIE WÊRELD KOORSPELE – TSHWANE 2018

Die tiende The tenth Wêreld Koorspele, aangebied deur die Interkulturele en die Afrikakultuur-Ontwikkelingsstigting, sal vanaf 4-14 Julie 2018 in die stad Tshwane, Suid-Afrika gevier word.

Beskryf as die wêreld se grootste internasionale koorkompetisie, kom op 'n tyd wanneer Suid-Afrika die honderjarige herdenking van oud-president Nelson Mandela vier. Madiba wat op 5 Desember 2013 oorlede is, sou op 18 July 2018 100 jaar geword het.

Mnr Ali Mpofu, 'n lid van die plaaslike organisasiekommittee van Interkultuur, sê dat die kompetisie 'n goue geleentheid skep aan koorlede jonk en oud met hulle teenpartye uit alle dele van die wêreld te laat meeding. Daar het alreeds oor die 21 000 sangers wat meer as 48 lande verteenwoordig, geregistreer om in die kompetisie mee te ding.

Die Wêreld Koorspele nooi alle nieprofessionele kore wêreldwyd uit om deel te neem. Die kompetisie is in twee dele verdeel, naamlik die 'Kompetisie vir die Kampioene' ('Champions Competition') en die 'Ope Kompetisie' ('Open Competition'). Hierdie twee kompetiesies gee kore die geleentheid om deel te neem op die geskikte vlak. Daar sal ook 'n aantal vriendskapskonserte gehou word met spesiale verrassingsvertonings van bekende kunstenaars.

Koormusiek is stellig die grootste 'gemeenskaplike faktor' onder Suid-Afrikaanse gemeenskappe want dit is allerweë gewild en word geniet en kry dus groot ondersteuning sowel as deelname. Dit is 'n aktiwiteit wat eenheid bring, koorlede oor die hele land se sosioekonomies vlakke bymekaar bring, ongeag ouderdom, geslag, opleiding, geloof, seksuele oriëntasie en sosiale status.

Die Wêreld Koorspele sal ook werkswinkels, seminare en oefensessies wat vir almal toeganklik is, aanbied. Gedurende hierdie werkswinkels, sal kore, dirigente en individue bekendgestel word aan internasionale koorliteratuur, sangstyle en opvoeringspraktyke.

Te midde van al hierdie opgewondenheid van die Wêreld Koorspele, moenie die Wêreld Koordorpie mis waar jy kan gaan eet, sing, inkopies doen en met kore vanoor die hele wêreld kan sosialiseer nie. Die ruimtte bied plek vir 1 000 mense en het 'n buitelugverhoog waar enigeen of enige koor, enige tyd, kan optree.

Die 'Sun Arena' sal beide die opening en sluitingsopvoeringseremonies op 4 en 14 Julie onderskeidelik aanbied.

[Adapted from: *www.tshwane2018.org*]

1.1 Beplan 'n openbare skakelweseprogram met betrekking tot die Wêreld Koorspele deur die SEWE sleutelelemente van 'n openbare skakelwese-program te gebruik. Gebruik elke sleutelelement as 'n opskrif waaronder die bespreking gedoen word. . (7 × 2) + 26 (40)

1.2 Definieer *openbare skakelwese* volgens PRISA. (6)

1.3 Noem VIER bemarkingsareas waar openbare skakelwese 'n betekenisvolle rol kan speel. (4)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Noem VYF aspekte in terme van 'n kleredragkode wat 'n openbare skakelpraktisyn in gedagte moet hou. (5 × 2) (10)

2.2 Gee VYF voordele daarvan om te netwerk. (5 × 2) (10)

2.3 Noem en bespreek kortliks VYF hulpmiddels vir interne kommunikasie. (5 × 2) (10)

2.4 Noem VYF beginsels van werknemerskommunikasie. (5)

2.5 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.5.1 'n Nieamptelike kommunikasiekanaal waar boodskappe versprei word deur gerugte en hoorsê

2.5.2 Boodskappe wat gestuur word deur voltooide werke, verslae, navrae of voorstelle

2.5.3 'n Sekretaresse wat 'n verslag aan 'n bestuurder in 'n ander departement oorhandig

2.5.4 Boodskappe wat deur amptelike kommunikasiekanale gestuur word

2.5.5 Boodskappe wat die doel, visie, missie en reëls van die maatskappy kommunikeer

(5 × 1) (5)

2.6 Noem en verduidelik VYF kommunikasiestyle. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1 Gedurende die Wêreld Koorspele, het Interkultuur 'n bevelsentrum ('command centre') opgerig vanwaar alle aktiwiteite gemonitor is. Vrywilligers is gewerf om die oproepe en navrae oor die geleentheid te hanteer.

Verduidelik aan die vrywilligers hoe om 'n oproep te hanteer. (5)

3.2 Noem VYF persoonlike eienskappe van 'n suksesvolle onderhandelaar. (5)

3.3 Noem VYF interkulturele nieverbale kommunikasiemetodes waarop gelet moet word tydens die Wêreld Koorspele en gee EEN voorbeeld van elk. (5 × 2) (10)

3.4 Noem VYF koerantkatogorieë en gee EEN voorbeeld van elk. (5 × 2) (10)

3.5 Bespreek die kenmerke van televisie as media deur na sy voordele en nadele te verwys. (5 × 2) (10)

3.6 Tabuleer die verskille tussen *glansartikels* (*'feature articles')* en *nuusartikels*.

(5 + 5) (10)

[50]

VRAAG 4

4.1 Noem en verduidelik VYF items wat op Interkultuur se jaarverslag met verskyn. (5 × 2) (10)

4.2 Hoe kan goeie verhoudings gehandhaaf word met verskeie media-afsette van 48 deelnemende lande gedurende die Wêreld Koorspele? (10)

4.3 Gee VYF voordele van 'n goeie korporatiewe beeld. (5 × 2) (10)

4.4 Wat moet in gedagte gehou word wanneer 'n nuwe logo vir die Wêreld Koorspele ontwerp word? (5 × 2) (10)

4.5 Noem 10 items waarop die nuwe logo van die Wêreld Koorspele gedruk kan word. (10)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou